
# 324 O Christus, ons Verlange




Soos kinders met ‘Hosannas!’ hul Koning bly ontmoet,
en Sion sy Messias met jubels kon begroet.
So wil my lied u vrede, u heerskappy besing;
my lof en dankgebede U juigend hulde bring.

U wat as Hemelkoning in heerlikheid regeer,
maak onder ons u woning, daal as ’n dienskneg neer
en herders vind ’n Herder oor Wie hul dankbaar juig;
en wyses vind die Wysheid voor Wie hul biddend buig.

Paul Gerhardt (1607-76) S.S. Wesley (1810-76)